

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



**SA EXAM
PAPERS**



**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

JUNIE 2022

GESKIEDENIS V1

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: UITDAGINGINGS WAT KONGO NA AFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET

VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.
4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:
 - 4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.
 - 4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.
5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.
6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.
7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

VRAAG 1: HOE HET RUSSIESE EKSPANSIONISME IN GRIEKELAND EN TURKYE TOT DIE IMPLEMENTERING VAN DIE TRUMAN-LEER IN 1947 BYGEDRA?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

- | | | | |
|-------|--|---------|-----|
| 1.1.1 | Wat, volgens die bron, was die doel van die Britse troepe in Griekeland? | (1 x 1) | (1) |
| 1.1.2 | Noem DRIE lande wat die kommunisties-geleide Nasionale Bevryding ondersteun het. | (3 x 1) | (3) |
| 1.1.3 | Verduidelik waarom jy dink Rusland kommunisme in Oos-Europa wou uitbrei. | (1 x 2) | (2) |
| 1.1.4 | Haal TWEE redes uit die bron aan, wat aandui waarom Brittanje nie hul steun aan beide Griekeland en Turkye na die Tweede Wêreldoorlog kon voortsit nie. | (2 x 1) | (2) |
| 1.1.5 | Deur gebruik te maak van die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom dit vir die VSA belangrik was om kommunisme in Griekeland en Turkye in te perk? | (2 x 2) | (4) |

1.2 Lees Bron 1B.

- | | | | |
|-------|---|---------|-----|
| 1.2.1 | Hoe, volgens die bron, het ambassadeur MacVeagh die situasie in Griekeland beskryf? | (1 x 1) | (1) |
| 1.2.2 | Wat het ambassadeur MacVeagh geïmpliseer met die stelling: 'wat die land in die satelliet wentelbaan van die Russiese Ryk sal bring'? | (1 x 2) | (2) |
| 1.2.3 | Hoe ondersteun ambassadeur Wilson se toespraak ambassadeur MacVeagh se pleidooi aan die Senaat van die Amerikaanse Buitelandse Betrekkinge Komitee? | (1 x 2) | (2) |
| 1.2.4 | Verduidelik die beperkings van hierdie bron vir geskiedkundiges wat die na-oorlogse politieke situasie in beide Griekeland en Turkye navors. | (2 x 2) | (4) |

1.3 Bestudeer Bron 1C.

- 1.3.1 Noem enige DRIE lande wat tussen 1945 en 1948 kommunisties geword het. (3 x 1) (3)
- 1.3.2 Lys enige TWEE lande wat na 1945 deur die USSR geannekseer is. (2 x 1) (2)
- 1.3.3 Definieer die konsep *Ystergordyn* in die konteks van die Koue Oorlog. (1 x 2) (2)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

- 1.4.1 Noem TWEE aspekte van kommunistiese uitbreiding waarteen die VSA dikwels betoog het tydens die Russiese oorname van Pole, Roemenië en Bulgarye. (2 x 1) (2)
- 1.4.2 Wat het Truman bedoel met die stelling: 'Dat dit die beleid van die Verenigde State moet wees om vrye mense te ondersteun wat pogings van onderdrukking deur gewapende minderhede en druk van buite teenstaan'? (2 x 2) (4)
- 1.4.3 Waarom dink jy was die VSA die enigste land wat in staat was om kommunistiese uitbreiding in Griekeland en Turkye te stop? (1 x 2) (2)
- 1.4.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die betekenis van die Truman-leer op Griekeland en Turkye in die konteks van die Koue Oorlog. (1 x 2) (2)

- 1.5 Verwys na Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C met betrekking tot Rusland se uitbreidingsbeleid in Europa na die Tweede Wêreldoorlog ondersteun. (2 x 2) (4)

- 1.6 Gebruik die inligting uit die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT lyne (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Sowjet-ekspansionisme in Griekeland en Turkye tot die implementering van die Truman-leer in 1947 bygedra het. (8)

[50]

VRAAG 2: WAAROM WAS DIE MPLA IN STAAT OM DIE BEWIND IN ANGOLA IN NOVEMBER 1975 OOR TE NEEM?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Verwys na Bron 2A.

- 2.1.1 Lys TWEE effekte wat die staatsgreep in Portugal op die proses van dekolonisasie in Angola gehad het. (2 x 1) (2)
- 2.1.2 Definieer die konsep '*dekolonisasie*' in die konteks van die Angolese Burgeroorlog van 1975. (1 x 2) (2)
- 2.1.3 Watter bevrydingsbeweging, volgens die bron, het die Portugese regering verkies om Angola oor te neem? (1 x 2) (2)
- 2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik waarom die Alvor-ooreenkoms van 1975 misluk het. (2 x 2) (4)
- 2.1.5 Verduidelik waarom jy dink buitelandse magte by die Angolese Burgeroorlog van 1975 betrokke geraak het. (1 x 2) (2)

2.2 Lees Bron 2B.

- 2.2.1 Haal EEN rede uit die bron aan waarom Suid-Afrika besluit het om Angola binne te val. (1 x 2) (2)
- 2.2.2 Hoe, volgens die bron, het die MPLA op die Suid-Afrikaanse inval gereageer? (1 x 2) (2)
- 2.2.3 Lewer kommentaar op die impak van Operasie Carlotta op die MPLA. (2 x 2) (4)
- 2.2.4 Wat word met die stelling: 'Die Slag van Ebo op 23 November was 'n "keerpunt" in die oorlog vir Angola geïmpliseer'? (1 x 2) (2)
- 2.2.5 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir geskiedkundiges wat die Angolese Burgeroorlog van 1975 navors. (2 x 2) (4)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

- 2.3.1 Verduidelik die boodskap wat die fotograaf oor die militêre mag van die MPLA wil oordra. (1 x 2) (2)
- 2.3.2 Wat dink jy was die impak van hierdie wapens op die uitkoms van die Burgeroorlog in Angola vir die MPLA? (1 x 2) (2)

- 2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2B die bewyse in Bron 2C rakende buitelandse betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog van 1975 ondersteun. (2 x 2) (4)
- 2.5 2.5.1 Lys VIER redes waarom Hultslander gevoel het dat die MPLA die beste gekwalifiseerde beweging was om Angola te regeer. (4 x 1) (4)
- 2.5.2 Definieer die konsep *Marxisme* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 2.5.3 Watter gevolgtrekking kan gemaak word uit die stelling: 'Die MPLA het baie verskillende stamme verwelkom', in die konteks van die Angolese Burgeroorlog van 1975? (1 x 2) (2)
- 2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT lyne (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik waarom die MPLA in staat was om mag in Angola in November 1975 oor te neem. (8)
- [50]**

VRAAG 3: HOE HET DIE VRYHEIDSRITTE INTERSTAAT BUSREISE IN DIE VSA IN DIE 1960's GEDESEGREGEEER?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die volgende vrae.

3.1 Verwys na Bron 3A.

- 3.1.1 Noem die name van die twee mans wat besluit het om die Vryheidsritte in 1961 te laat herleef. (2 x 1) (2)
- 3.1.2 Haal TWEE redes uit die bron aan waarom die vroeëre protes-opwiele misluk het. (2 x 1) (2)
- 3.1.3 Definieer die konsep *segregasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 3.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die Vryheidsritte die rassewette met betrekking tot interstaat busreise in die VSA sou oortree. (2 x 2) (4)
- 3.1.5 Wat word met die stelling geïmpliseer: 'Daar is vir ons gesê dat die rassiste en voorstanders van segregasie enige iets sou doen om segregasie in interstaat busreise te handhaaf'? (2 x 2) (4)

3.2 Gebruik Bron 3B.

- 3.2.1 Watter bewyse in die bron dui daarop dat die Ku Klux Klan van die Vryheidsritte geweet het? (2 x 1) (2)
- 3.2.2 Haal TWEE neerhalende woorde uit die bron aan wat gebruik word om te verwys na:
- (a) Die swart Vryheidsryers
- (b) Die blanke Vryheidsryers (2 x 1) (2)
- 3.2.3 Lewer kommentaar op die houding van die FBI en die Birmingham polisie teenoor die Vryheidsritte. (2 x 2) (4)
- 3.2.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir geskiedkundiges wat rasseverhoudinge in die VSA in die 1960's navors. (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

- 3.3.1 Watter boodskap dra die foto oor rakende rasse-integrasie op interstaat busreise in die VSA in die 1960's? Gebruik visuele leidrade in die bron om jou antwoorde te ondersteun. (2 x 2) (4)
- 3.3.2 Verduidelik hoe hierdie foto die VSA se openbare beeld regoor die wêreld kon beïnvloed het. (1 x 2) (2)

- 3.4 Bestudeer Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C die inligting in Bron 3B, rakende die behandeling van die Vryheidsryers in Alabama in 1961 ondersteun. (2 x 2) (4)
- 3.5 Lees Bron 3D.
- 3.5.1 Hoe, volgens die bron, het die Amerikaanse president op die krisis van die Vryheidsritte in Montgomery, Alabama gereageer? (1 x 2) (2)
- 3.5.2 Watter gevolgtrekking kan uit die stelling gemaak word: 'Die Vryheidsryers was verheug om Mississippi Nasionale Wagte op die snelweg te sien met hul gewere wat na die veld aan beide kante van die pad gerig was'? (1 x 2) (2)
- 3.5.3 Kies EEN bewys uit die bron wat aandui dat die Vryheidsritte openbare vervoer in die VSA in die 1960's gedesegeere het. (1 x 2) (2)
- 3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer agt lyne (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Vryheidsritte interstaat busreise in die VSA in die 1960's gedesegeere het. (8)
- [50]**

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae, in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die val van Saigon in April 1975 het die mislukking van die Amerikaanse inperkingsbeleid in Viëtnam bevestig.

Bespreek hierdie stelling krities deur te verwys na die taktieke wat die VSA gebruik het om kommunisme tydens die oorlog in Viëtnam in te perk.

[50]**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: UITDAGINGINGS WAT DIE KONGO NA AFHANKLIKHEID IN DIE GESIG GESTAAR HET**

Verduidelik tot watter mate Josef Mobuto in staat was om die Kongo se politieke en ekonomiese uitdagings te oorkom nadat dit onafhanklikheid vanaf België in 1961 verkry het.

Gebruik relevante voorbeelde om jou antwoord te ondersteun.

[50]**VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING**

Die Swartmagbeweging se klem op swart ras-trotsheid en selfbeskikking, het segregasie en diskriminasie in die VSA suksesvol in die 1960's uitgedaag.

Stem jy saam met die verklaring? Ondersteun jou antwoorde met relevante historiese bewyse.

[50]**TOTAAL: 150**